BabyGym®
Institute South Africa

SUKSES stories

Bloukolloos te danke aan BabaGim®

Chantal Janse van Rensburg

Tydens my kwalifisering as BabaGim Instrukteur het Baba Xander (as een van my gevallestudie babas) BabaGim saam sy pappa, Eugene, bygewoon. Xander was ses maande oud toe ons met BabaGim begin het, en sy pappa se grootste bekommernis was dat Xander sy oog, kop of neus potblou of selfs stukkend gaan slaan met sy speelgoedjies want dit blyk of Xander dikwels so lekker maar rof speel en homself in die proses beseer.

In die eerste BabaGim klassie het ek verduidelik waarom massering so belangrik is en waarom baba se buitelyne van sy liggaam daagliks getrek moet word. Ek het verduidelik dat wanneer die lyfie omlyn word daar ‘n kaart van die liggaam in die brein geskep word en dat baba se bewussyn van sy ligaam so verhoog. Pappa Eugene het by die tweede BabaGim klassie gesê dat hy na afloop van die eerste klas elke dag Xander se lyfie gemasseer en ge-omlyn het. Xander het aanvanklik niks van die gesigmasseering gehou nie maar het met herhaling rustig geword en dit toegelaat. Pappa Eugene het al ‘n week later ‘n verskil begin sien wanneer Xander met sy speelgoed en lepels speel. Teen week vyf van BabaGim kon Eugene nie glo watse verskil daar is nie, Xander antispieer al die omlyning voor bad tyd en lag lekker as Eugene al singende hom omlyn. Hy speel nou met enigiets van lepels, ratels en sleutels en slaan homself glad nie meer raak nie, nie net teen die kop nie maar ook nie teen sy eie lyfie nie, Xander is duidelik baie meer van sy eie lyfie bewus.

Xander is ook baie naby aan kruip en stoot homself al mooi op tot in die hande-vier-voet-posisie, hy wieg homself in die posisie vorentoe en agtertoe wanneer daar speelgoed of ‘n spieeltjie voor hom is. As hy te ver vorentoe of te ver agtertoe wieg het hy vantevore plat op sy gesiggie of op sy sy geval en die trane was naby. Te danke aan BabaGim en Pappa Eugene se toewyding met Xander se buitelyne trek, val Xander nou in styl. Sy armpies en handjies word dadelik gebruik om te keer as hy kant toe val en hy hou sy koppie op as hy vorentoe val!

Pappa Eugene sê hy kan nie meer onthou wanneer laas Xander ‘n bloukol gehad het nie. Dankie BabaGim, Pa en Seun sien uit na die volgende ontwikkelingsmylpale wat bloukolloos behaal gaan word!